As jy jou Zenkaya op 'n goeie plek neersit, kan 'n lieflike uitsig vergoed vir die gebrek aan ruimte.

Maak jou oral tuis met dié konsep

Die luukse losstaande eenheid word vooraf vervaardig. Die eienaar moet dit slegs aan elektrisiteit, water en 'n drein koppel.

Die Zenkaya-konsep is vroeër vandeesmaand by Decorex Johannesburg bekend gestel.

Zenkaya is 'n maklike manier om ekstra leefruimte op 'n vakansie-erf of in jou agterplaas te skep. Die kontemporêre struktuur is solied, lig, gemaklik en veilig. Dit word vooraf vervaardig en bevat 'n stoep met skuifdeure van glas, 'n ontwerperskombuis, badkamer en ander luukshede.

Die eenheid kan gebruik word as tuiskantoor, ateljee, vakansiehuis of gastekamer. Al wat jy moet doen, is om die eenheid aan elektrisiteit, waterpype en 'n drein te koppel.

Krediet vir die Zenkaya-ontwerp gaan aan Fablife, 'n argiteksfirma wat inspirasie put uit Afrika, New York, Frankryk en Japan. Zenkaya is die ideale manier om die pragtige natuurskoon van ons land te geniet, sonder om enige luuksheid en gemak prys te gee.

Dis 'n luuksheid wat spesifiek gemik is op die meer welgestelde mark wat dink aan tweede huise, asook die toerismebedryf.

Wanneer jy jou eenheidgrootte gekies het, kan jy die res van die afwerkings kies, van die mure, vloere, plafon, vensters, kombuistoerusting en badkamerafwerkings tot skakelaars en die verhitting- of verkoelingstelsel.

Die eenhede is oopplan en gemaak van 'n stewige metaalraam met glasvensters wat van die vloer tot die dak strek.

Die mure en dak word gemaak van geïnsuleerde materiale, terwyl die vloer, plafon en binnemure van verskillende versterkte houtmateriale vervaardig is.

Alles binne is van hoogstaande gehalte, soos die kombuis van Rossi Kitchens en die kaggel van Jetmaster – alles natuurlik teen 'n prys.

Die eenvoudigste eenheid is die Zenkaya-ateljee (3,6 m x 6 m), gevolg deur die Zenkaya Loft (3,6 m x 9 m) en die Zenkaya enkelslaapkamer (3,6 m x 12 m).

Elkeen bevat 'n badkamer, kompakte kombuis en oopplanleefarea. Die grootste in die reeks is die Zenkaya-tweeslaapkamer, wat ook 'n verlengde houtstoep het.

■ Vir meer inligting, bel Eric by ☎ 082 833 3324.